
vir die vyand
BELEEF DIE VRYHEID VAN DIE OORWINNAAR | OPENBARING 12:7-12



7 Daar het toe oorlog gekom in die hemel:
Migael en sy engele moes oorlog voer teen
die draak. Die draak en sy engele het
oorlog gevoer, 8 maar hulle is verslaan. In die
hemel was daar geen spoor meer van hulle
te vind nie, 9 want die groot draak, die slang
van ouds, wat die duiwel en die Satan
genoem word en wat die hele wêreld verlei,
is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die
aarde gegooi en sy engele saam met hom.

12:7-12



10 Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het:
"Nou het ons God
die redding gebring,
nou is sy mag en koningskap hier,
en die gesag van sy Gesalfde!
Die aanklaer van ons medegelowiges
is uit die hemel uit gegooi,
hy wat hulle dag en nag
voor ons God aangekla het.

12:7-12



11 Hulle het self die oorwinning
oor hom behaal
danksy die bloed van die Lam
en die boodskap
waarvan hulle getuig het;
en hulle het nie hulle lewens
so lief gehad
dat hulle onwillig was
om vir Hom te sterwe nie.

12:7-12



12 Daarom, hemel en dié
wat daarin bly,
verheug julle.
Maar vir julle, land en see,
wag daar ellende
omdat die duiwel
na julle toe gekom het
met groot woede
en met die wete dat hy min tyd het."

12:7-12

# 12:7-12



- **Σατανᾶς**
  - Satan – teenstander, aanklaer
- **Διάβολος**
  - Duiwel – lasteraar, bedrieër
- Draak/Slang van ouds
- Hy kan ons nie meer aankla nie



31 Wat is nou ons gevolgtrekking oor al
hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan
dan teen ons wees? 32 Hy het sy eie Seun
nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om
ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die
ander dinge saam met Hom uit genade
skenk nie? 33 Wie kan die uitverkorenes van
God aankla? God self spreek hulle vry. 34 Wie
kan ons veroordeel? Christus Jesus het
gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood
opgewek, Hy sit aan die regterhand van
God, Hy pleit vir ons.

8:31-34



# 12:7-12

- **Σατανᾶς**
  - Satan – teenstander, aanklaer
- **Διάβολος**
  - Duiwel – lasteraar, bedrieër
- Draak/Slang van ouds
- Hy kan ons nie meer aankla nie
- 'n *"Bad Loser"*

# duiwel nie doen nie

- Doen nie jou sondes nie
- Maak jou nie siek/dood/onsuksesvol nie
- Maak nie jou huis "vuil" nie




MOENIE AAN HOM MAG GEE WAT HY NIE HET NIE!

# duiwel wel doen

- VERSOEK



12Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig
bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as
oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here
belowe het aan dié wat Hom liefhet. 13Iemand wat in
versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God
versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en
self verlei Hy niemand nie. 14Maar 'n mens word verlei
deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.
15Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring
dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het,
loop dit uit op die dood.



1:12-15


# duiwel wel doen

- VERSOEK

  Buit ons begeertes uit

- BEDRIEG





44 Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.

8:44

# duiwel *wel* doen

- VERSOEK
  - Buit ons begeertes uit
- BEDRIEG
  - Oor God se genade
  - Oor reg/verkeerd
  - Oor wat werklik belangrik is
- STEEL
  - Ons tyd vir God en vir mekaar



# God gedoen

- Die Oorwinning Reeds Behaal
  - Duiwel is uitgegooi
  - Die Kruis en die Leë graf
  - Die Finale Vernietiging




# moet ons nou doen?

- Soos Jesus – Die Oorwinnaar
- Getuig van Sy Oorwinning
- Soek SY Wil, Eer en Koninkryk
- MOENIE BANG WEES NIE!




33Dit sê Ek vir julle, sodat julle
vrede kan vind in My. In die
wêreld sal julle dit moeilik hê;
maar hou moed: Ek het die
wêreld klaar oorwin.
16:33




4 Julle behoort aan God, liewe
kinders, en het die vals
profete klaar oorwin omdat Hy
wat in julle is, groter is as die
duiwel, wat in die wêreld is.



4want enigeen wat 'n kind van
God is, kan die sondige wêreld
oorwin. En die oorwinning wat
ons oor die wêreld behaal het, is
deur ons geloof. 5Wie anders is
dit wat die wêreld oorwin as hy
wat glo dat Jesus die Seun van
God is?

1 -5


37 Maar in al hierdie dinge is ons meer
as oorwinnaars deur Hom wat vir ons
liefhet. 38 Hiervan is ek oortuig: geen
dood of lewe of engele of magte of
teenswoordige of toekomstige dinge of
kragte 39 of hoogte of diepte of enigiets
anders in die skepping kan ons van die
liefde van God skei nie, die liefde wat
daar is in Christus Jesus ons Here.
8:37-39


vir die vyand
BELEEF DIE VRYHEID VAN DIE OORWINNAAR | OPENBARING 12:7-12